# DIE KUNSARGIEF VAN DIE UNIVERSITEIT VAN PRETORIA

„Kosbare skilderye brand uit" (*Die Transvaler*, 18 Julie 1969).

"Mason drawings stolen: Widow issues appeal" (*Sunday Times*, July 13, 1969).

"Paintings by Pierneef lost in fire" (*The Pretoria News*, May 9, 1972).

„Meer as een vervalser (is) in die Republiek doenig" (*Hoofstad*, 30 November 1971).

Opskrifte soos hierdie ontstel 'n mens en stem jou ook weemoedig. 'n Mens is ontsteld oor die feit dat die kunswerke self verlore of vernietig is, maar jy kan van frustrasie die hande in die lug gooi, omdat jy besef dat daar hoogswaarskynlik hoegenaamd geen inligting oor die betrokke kunswerke beskikbaar is nie. Raak kunswerke verlore, is daar geen wyse waarop hulle met absolute sekerheid opgespoor en geïdentifiseer kan word nie, omdat geen feitelike inligting oor hulle bekend is nie. As hulle vernietig word, raak ook die inligting wat vir die akademikus belangrik sou wees, verlore en kan so 'n kunswerk nie meer by 'n studie van 'n kunstenaar se werk betrek word nie. Word 'n kunswerk vervals — wie sal dit met sekerheid kan herken, as 'n totale oorsigstudie van die betrokke kunstenaar se werk nie bekend is nie? Wyd en syd oor ons land lê 'n magdom van inligting oor ons eie kuns en kunstenaars versprei: in kelders en op solders, in agterplase en woonkamers, op mure en in kaste, op rakke en in laaie. Die student wat probeer om 'n grondige wetenskaplike studie oor 'n kunstenaar of sy werk te skryf, kan dikwels nie sy hand op juiste gegewens lê nie.

Waar moet hy begin soek? Dit is met dié noodklag van juis sulke studente in gedagte dat daar ruim 20 jaar gelede by die Universiteit van Pretoria 'n aanvang geneem is met die sistematiese versameling van gegewens wat betrekking het op alle Suid-Afrikaanse beeldende kuns en kunstenaars.

Die kunsargief as sodanig het sy oorsprong in die dertiger jare gehad, toe prof. M. L. du Toit, die destydse hoof van die Departement Afrikaanse Kuns- en Kultuurgeskiedenis, 'n aanvang gemaak het met die bymekaarmaak van gegewens oor Suid-Afrikaanse kuns en kunstenaars. In die vyftiger jare is prof. H. M. van der Westhuysen[1] aangestel as hoof van die nuut ingestelde Departement Kunsgeskiedenis. Die dokumentasie van kunswerke het toe 'n integrale deel geword van studente se opleiding. Die vorms vir die opnames is ontwerp aan die hand van die sisteem wat gebruik is vir die Europese Rekuperasie van 1944-47.[2]

Die studente het self opnames gemaak van kunswerke in privaat- en openbare versamelings[3] in Pretoria en hul tuisdorpe oral in die land. Hierdie inligting sluit o.a. die naam van die kunstenaar en die betrokke

1. Prof. H. M. van der Westhuysen besoek in 1959 'n aantal kunsdokumentasie-instansies in Europa.
2. Prof. F. G. E. Nilant was betrokke by die Rekuperasie en het ook 1964 'n antal dokumentasie-sentra in Europa besoek.
3. Volledige registers met foto's van museum- en staatbesit van Afrikaanse kuns word aangelê.

werk, die afmetings, die medium, datering, ondertekening, eienaar en sy adres in. Geleidelik het hierdie opnames deur die jare uitgebrei[4] sodat die kunsargief van die Universiteit van Pretoria vandag inligting in verband met elke erkende kunstenaar en sy werk in Suid-Afrika bevat. Hierdie inligting moet egter steeds aangevul word en is natuurlik nooit volledig nie. Verskeie belangrike skenkings is alreeds ontvang o.a. Bettie Cilliers-Barnard se privaatversameling van kunshistoriese gegewens wat sy deur die jare met veel moeite bymekaar gemaak het. Om die inligtingsbron soveel as moontlik uit te brei, is 'n bibliografiese lys oor Suid-Afrikaanse beeldende kuns en kunstenaars saamgestel. Die kunsargief versamel alle moontlike katalogi van kunsuitstallings, koerantuitknipsels en tydskrifartikels en biografiese gegewens aangaande kunstenaars. Belangrikste van alles is vanselfsprekend afbeelding, foto's of andersins van soveel moontlik Suid-Afrikaanse kunswerke. Slegs wanneer 'n kunstenaar se totale oeuvre in beeld vasgelê is, kan 'n student werklik 'n geheelbeeld vorm en poog om 'n waardering van 'n kunstenaar se werk te maak. Dit staan enige student of belangstellende vry om kosteloos die kunsargief te raadpleeg.

Die term Suid-Afrikaanse kuns word gebruik in sy wydste omvang as die beeldende kuns van 'n kunstenaar wat hier gebore is en hier of oorsee gewerk het, of 'n kunstenaar wat elders gebore is en hier gewerk het of die beeldende kuns wat op Suider Afrika[5] betrekking het. Die kunsargief beperk hom egter hoofsaaklik tot die skilder- en beeldhoukuns vanaf 1900. Die boukuns is uitgesluit as studieveld vir die kunsargief.

Wanneer sal ons land kan spog met 'n inrigting wat kan vergelyk met die Robert Witt-biblioteek, 'n afdeling van die Universiteit van Londen, Engeland, waarin 1 miljoen afbeeldings van kunswerke van oor die hele wêreld sistematies gekatalogiseer is? Nederland het sy Rijksbureau in Den Haag, Duitsland sy Zentralinstiuut für Kunstgeschichte in München, België, sy Kunstpatrinomium in Brussel en Italië, die Gabinetto Fotografico Nazionale in Rome.

Hiermee wil die Kunsargief van die Departement Kunsgeskiedenis en Beeldende Kunste van U.P. 'n beroep doen op alle kunstenaars en kunsliefhebbers om mee te help aan hierdie grootste onderneming deur enige inligting soos katalogi, brosjures, briewe, foto's en afbeeldings tot die beskikking van die kunsargief te stel en stuur aan die Kunsargief van die Universiteit van Pretoria.

M. Schoonraad

4. Skrywer het gedurende 1972-73 'n uitgebreide reis van drie maande na Europa onderneem toe hy die dokumentasieburo's in Den Haag, München, Zurich, Rome, Parys, London en Brussel besoek het.